

# Die Voortrekkers Transvaal VORIESAAMTREK 2019

*Kom praat saam...*



**Voriesaamtrek 2019 vind plaas vanaf 11 – 13 Januarie 2019. Die tema van die saamtrek is: “Kom praat saam!” en dit is presies wat ons gaan doen tydens die Voriesaamtrek. Ons gaan saam kuier, saam lag en lekker saam praat, maar praat gaan ons praat.**

Sekere dinge moet verander en sekere dinge moet dieselfde bly.....180 jaar gelede was daar 'n groep mense wat nie gewag het vir die toekoms om te gebeur nie, hulle het die toekoms gaan haal! Hulle het vooruit getrek teen alle verstand en logika in. Ons dra vandag steeds hierdie manne en vroue se naam, maar is ons steeds die naam werd? Ons Trek nog - soms dwars, soms agter en soms ter wille van...nou en dan trek ons tog nog VOOR, maar is dit beplan of toevallig? Die toekoms is nie oppad nie, dit is hier! Tydens Voriesaamtrek 2019 gaan ons bietjie besin oor die toekoms... Hoe kan ons as volwasse Voortrekkers in Transvaal rigtinggewend wees? Is ons reg vir die toekoms of gaan ons wag dat dinge gebeur waarop ons kan reageer? Is ons Trekkers of **VOORT**trekkers? Kom luister en praat saam...kom ons gaan haal weer die toekoms.

Alhoewel daar 'n beperkte aantal toerustingskursusse aangebied gaan word (“Spanhantering” en “Bestuur”), is die idee om dinge bietjie rustiger te vat en meer te kuier en saam te praat **...oor DINGE.**

**Vrydagaand** gee ons geleentheid vir **oorde en kommando's om saam iets te doen.** Oordleiers en kommandoleiers kan self besluit hoe hulle hierdie kosbare tyd wil gebruik. Later die aand sluit almal bymekaar aan en kuier ons saam om die vuur soos net ons Voortrekkers kan!

**Saterdag** praat ons verder in die vorm van 'n **seminaar.**

- Die onderwerpe word in 4 bane opgedeel:
  - 1) PD's (dinge oor die kind)
  - 2) Verkenners (tienerdinge)

3) Lewensvaardighede (dinge oor die lewe)

4) Leierskap en bestuur (dinge oor beplanning en leiding)

Hierdie jaar gaan ons die registrasies aanlyn doen, maar die wat dit nog fisies wil invul en aanstuur, is welkom.

**Sluitingsdatum:** 14 Desember 2018. Die koste vir die kamp is R350 per persoon. Let wel dat diegene wat egter voor **30 November 2018 inskryf en betaal**, 'n R50 korting ontvang en betaal dus slegs R300 inskrywingsgeld.

Bewys van betaling moet gestuur word na [transvaal@voortrekkers.org.za](mailto:transvaal@voortrekkers.org.za) – gebruik asb **VS + LIDNOMMER** as verwysing.

Kinders betaal R 300 ongeag die datum van betaling – kinders onder 3 jaar kamp gratis.

Klik op die skakel hieronder om die betrokke dokumente oop te maak

[Algemene inligtingsbrief - FAQ](#)

[Aanlyn inskrywing en registrasie](#)

[https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSckaK5hSkN2Va0njtnxh0F81KZ7TR\\_nMjpFPChKo2dmDy4N\\_g/viewform](https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSckaK5hSkN2Va0njtnxh0F81KZ7TR_nMjpFPChKo2dmDy4N_g/viewform)